SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 12 DESEMBER 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

DIE SARL PRESIDENT SE BOODSKAP VIR DIE FEESTYD

DIE WESRAND UITDAGING

en

WAARNEMINGS VAN OOR DIE HORIZON RADAR STEURINGS OP AMATEUR BANDE

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Ons begin hierdie bulletin met die nuus van 'n stil sleutel:

Dit is met leedwese dat ons aankondig dat die sleutel van John Crampton ZS5JG van Antronic op Woensdag 15 Desember 2021 stil geword het. Ons betuig ons innige meegevoel met sy familie en vriende.

POUSE

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

DIE SARL PRESIDENT SE BOODSKAP VIR DIE FEESTYD

Dit is weereens daardie tyd van die jaar waar ons 'n Feestydperk beleef en 2021 ten einde loop. Ons almal kan getuig van 'n jaar wat baie anders uitgedraai het as wat meeste mense kon voorspel of na uitgesien het. Dit is egter die tyd van die jaar om daardie welverdiende blaaskans te neem en tyd saam met ons families en vriende te geniet. Toe die pandemie ons wêreld tot stilstand gebring het en ons gedwing is om ons afstand van familie, vriende en kollegas te hou deur meestal van die huis af te werk, het ons as radio amateurs oudergewoonte gedoen wat ons die beste doen deur kreatief te wees.

Ons grootste uitdagings was die AJV in April vanjaar en ook om voort te gaan met die aanbieding van RAE-klasse, insluitend die eksamens. Soos genoem, het die kreatiwiteit wat ons van individue en Klubs opgelet het, verseker dat

netwerke en platforms gevestig is om voort te gaan met die nodige opleiding. Die RAE-bestuurder en toesighouers het weereens gedoen wat hulle die beste doen deur te verseker dat die RAE-sessies in April en Oktober vanjaar plaasgevind het. Ons het 'n uitstekende aantal nuwelinge gehad wat aanlyn-kursusse bygewoon het en die RAE suksesvol voltooi het.

Ons AJV vroeër die jaar asook die verskeie aanlyn-werkswinkels wat ons aangebied het, is goed ondersteun en bygewoon. Ek mis egter die sinergie om saam met mede-amateurs te vergader en die geleentheid om blad te skud, interessante onderwerpe te bespreek en by mekaar te leer. Alhoewel ons in beperkte getalle byeenkomste kan hou, is baie van ons ongemaklik om dit te doen en die werklikheid is dat dit beslis baie langer sal neem voordat dit weer moontlik sal wees.

Soos ons lede weet, bestaan die SARL nie slegs uit 'n klein groepie individue in die Raad nie. Die Liga bestaan uit al ons lede, insluitend ons geaffilieerde Klubs, om te verseker dat ons die radio amateurdiens in die land verteenwoordig. As dit nie vir ons lede en vrywilligers was nie, sou die Liga nooit bestaan het nie, nóg minder sal dit kan bly voortbestaan. Laat my toe om julle almal te bedank vir die harde werk en toewyding die afgelope jaar; dit word opreg waardeer. Op die ou einde gaan dit alles oor die welbekende "Amateur Gees" en gekombineerde eendragtigheid wat ons uniek en suksesvol maak.

Hierdie tyd van die jaar bied 'n goeie geleentheid om amateur radio-aktiwiteite te kan geniet sowel as 'n tyd om te besin en iets nuut vir die nuwe jaar te beplan. Gebruik ook die tyd om pret te hê met die voltooiing van daardie projek in die kas, werk 'n bietjie DX of leer 'n nuwe modus of vaardigheid aan.

Ek sien uit na ons lede se volgehoue ondersteuning en toewyding in 2022, aangesien ons saam daarna streef om die amateur radiodiens vir die toekoms te ontwikkel en te bevorder. Ons uitdagings om die toegekende radio amateur spektrum en lisensievoorwaardes te beskerm is 'n nimmereindigende taak en sonder ons lede se ondersteuning sal dit nie moontlik wees nie.

Namens die Raad en myself wens ons vir jou en jou gesin 'n aangename en gelukkige feestyd toe en 'n nuwe jaar gevul met vrede, vreugde en voorspoed.

DIE 2021 ARRL HANDBOEK EN ANTENNA BOEK

'n Beperkte voorraad van hierdie twee gesogte handboeke is beskikbaar. Volledige besonderhede en bestelvorm kan gevind word op www.amateurradio.org.za. Bederf jouself hierdie Kersfees.

DIE WESRAND AMATEURRADIOKLUB DRUK DIE SARL VOLGENDE GENERASIE FONDS NA R31 400

'n Donasie van een duisend rand van die Wesrand Amateurradioklub het die SARL Volgende Generasie Baken-fonds tot R31 400 verhoog. Die Wesrand Klub daag alle Klubs landwyd uit om hul bydrae tot die projek te ewenaar

of te verbeter. Die Klub glo dat die Volgende Generasie Baken-projek is van beduidende belang vir voortplantings navorsing en 'n drywer om belangstelling in langafstand BHF en UHF kommunikasie te lok.

Die fonds word deur AMSAT SA geadministreer. Bydraes kan per kredietkaart gemaak word, besoek www.amsatsa.org.za en klik op die R50, R250 of R1 000 betaalknoppie. Bydraes kan ook per EFT na AMSATSA ABSA rekening no 408 982 6281 gemaak word. Stuur bewys van betaling na admin@amsatsa.org.za.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

DIE SARL-KANTOOR HET VIR DIE VAKANSIETYDPERK GESLUIT

Die Kantoor by die Nasionale Amateurradiosentrum het Woensdag 15 Desember gesluit vir die Kersvakansie tydperk. Die kantoor sal Maandagoggend 17 Januarie 2022 oopmaak.

WAARNEMINGS VAN OOR DIE HORIZON RADAR STEURINGS OP AMATEUR BANDE

Die volume verslae van oor-die-horison-radar steurings van waarnemers wat saam met die Internasionale Amateurradiounie (IARU) Streek 1-moniteringstelsel (IARUMS) werk, verdwerg dié van alle ander steuringsbronne, berig die November IARUMS-nuusbrief. Byna 800 OTH-radars is gedurende November alleen waargeneem en die totale aantal verslae vir die jaar is meer as 4 500, hoewel daardie getal waarskynlik verskeie verslae van dieselfde OTH-radar stelsels insluit.

Terwyl die indringer waarnemer op IARU Streek 1 gefokus is, kan baie van die groot steurings die amateur bande in die wêreld se ander twee IARU-streke beïnvloed. IARUMS het die meeste OTH-radar seine na terreine in Rusland en China opgespoor, maar 'n onlangse verslag het aangedui dat Indië 'n OTH-radar-stelsel in aanbou het. IARUMS noem die stelsel "van kommer," hoewel dit nie bekend is watter frekwensies dit mag gebruik nie.

Gedurende 17 tot 21 November het IARUMS 'n "vreemde, ietwat verspoelde sein" sowat 7 kHz wyd gerapporteer, wat "stadig heen en weer gedryf het" op 40 meter en onder. Die IARUMS-nuusbrief is beskikbaar op die IARU Streek 1-webwerf by www.iaru-r1.org.

SANDTON AMATEURRADIOKLUB GEE TERUGVOER

Die Praat Tegnies Krag Uur op 24 November met spesiale gas, Eddie, ZS6BNE het die net praktiese insigte gegee oor Vinnig Ontplooibare Amateur Radiostasies, hoe RaDAR-sport kompetisies werk, 'n paar wenke oor toerusting en selfs toepassings om jou 10- of 12-syfer-ruitvierkant te kry . 'n Belangrike aanname is dat die aantal ontplooiings in 'n spesifieke tydperk en die akkuraatheid van die vyf kontakte by elke ontplooiings punt is wat werklik tel, dit word alles nagespoor op 'n regstreekse logstelsel om die mededingende gees te verbeter. Dankie, Eddie, dat jy ons gemotiveer het om uit te kom en 'n antenna in die lug te sit.

Die SARK het hul jaareindfunksie gekombineer met 'n jakkalsjag, museumbesoek, antenna bou en 'n genotvolle braai op 28 November by die ADV-lokaal in Observatory, Johannesburg. Almal het 'n baie interessante en prettige tyd gehad en nou moet ons nog 12 maande wag vir die volgende een. Geseënde Kersfees en Geseënde Feestyd aan almal.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak gematig gaan wees. Tans is daar 'n verskeidenheid van sonvlekgroepe sigbaar en word daar sonfakkel aktiwiteit verwag. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van 61 vir die week gebruik. Radio amateurs kan goeie DX openinge op die 10 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die dagboek van gebeure vir die volgende paar weke:

21 Desember – die Somersonstilstand om 17:59 SAT

21 en 22 Desember – die Ursids-meteoorbuie

25 Desember – Kersdag

26 Desember – Familiedag

27 Desember – Openbare vakansiedag

31 Desember – die einde van YOTA-maand, die CQ DX Marathon en Bands Alive Ultra-marathon

01 Januarie – Nuwejaarsdag, die begin van die 2022 CQ DX Marathon en die SAMOC Straight Key Night

3 en 4 Januarie – die Quadrantids meteoorbuie

12 Januarie - die Binnelandse skole open

14 tot 16 Januarie – die PEARS Nasionale BHF/UHF-kompetisie

19 Januarie - die Kus skole open en die SARL Woensdag 80 m Klub kompetisie

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die President en Raad van die SARL wens vir jou en jou gesin 'n aangename en gelukkige feestyd toe en 'n nuwe jaar gevul met vrede, vreugde en voorspoed.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, geskryf deur Dennis Green, ZS4BS, geproeflees deur Johan de Bruyn, ZS6JHB en gelees deur .....

Van die Nuusspan, 'n Geseënde Kersfees en beste wense vir die week wat voorlê.